

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

In die Voetspore van die Gemeente van Handeling

Hierdie artikel het ek reeds in 2016 geskryf na selfondersoek wat die gevolg was van 'n besef dat ek vanuit die misleiding van die Christendom gekom het, maar toe vasgevang geraak het in die misleiding van die Messiaanse Beweging (Messiaanse Ontwaking; "Hebrew Roots Movement"). Daarom is dit na sowat vier jaar nodig om hierdie skrywe te hersien. Ek besef dat ek my blootstel aan verdere kritiek, soos wat sommige van my ander artikels in hierdie verband reeds tot gevolg gehad het, maar ek neem nie deel aan 'n gewildheidskompetisie nie!!

My doel met hierdie skrywe is nie 'n aanval op die Messiaanse Beweging nie, maar eerder 'n waarskuwing teen elemente van misleiding in hierdie beweging, asook 'n oproep om terug te keer na ware volgelinge van Yeshua soos dit in die Skrifte van die Nuwe Verbond vir ons opgeteken is.

Die gevolgtrekking waartoe ek gekom het, is dat die Messiaanse Beweging misluk het weens elemente van misleiding wat gaande weg al duideliker en meer geword het. In hierdie artikel sal ek die redes vir my standpunt verduidelik. Voordat ek 'gekruisig' gaan word oor hierdie "gewaagde" stelling, wil ek net daarop wys dat ek nie die enigste een is wat hierdie siening het nie. Ja, daar is verskeie ander wat dieselfde standpunt het!!

Daarom is dit die moeite werd om ondermeer na die volgende videos te kyk:

- Why The Hebraic Roots Movement Will Fail:
https://www.youtube.com/watch?v=_ewasWMds4E:
- Warning: The Hebrew Roots Movement Is on the Wrong Path!
<https://www.youtube.com/watch?v=FK2IbE7IQ2s>

Woelinge, Verwarring En Verdeeldheid

Daar is baie woelinge, verwarring en verdeeldheid in die Messiaanse Beweging. Daar is dus nie sprake van eenheid nie en gevolglik is daar, soos in die Christendom, baie 'denominasies' of groeperinge! Die meerderheid van hierdie groepe het 'n 'Joodse karakter' aangeneem en hulle eie identiteit tot 'n groot mate verloor. So ook is die strewe na eenheid met die huis van Y'hudah so groot dat talle – individue en groepe – bereid is om hulle belydenis en vertroue in Yeshua 'te verswyg' en eerder net te konsentreer op die gemene deler van beide huise, naamlik liefde vir Torah! Maar onthou hierdie woorde van Yeshua in Matt. 10:32-33¹:

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com gekontak word.

³² Elkeen dan wat My sal erken voor die mense, hom sal Ek ook erken voor My Vader wat in die hemel is,

³³ maar elkeen wat My ontken voor die mense, hom sal Ek ook ontken voor My Vader wat in die hemel is.

En in hierdie proses het baie hulle liefde vir die Skrifte van die Nuwe Verbond verloor, ja, selfs tot die mate wat dit, of sommige dele daarvan, bevraagteken en selfs verwerp word!! Maar veel erger is die feit dat daar diegene is wat se siening van die Messias en Sy rol en bediening nou meer ooreenstem met dié van Rabynse Judaïsme as wat die Skrifte van die Nuwe Verbond ons leer! In die verband is dit nodig om herinner te word aan Sha'ul se woorde in 2Kor. 11:1-4.

¹ Ek wens julle wil my net 'n kort rukkjie verdra terwyl ek in dwaasheid praat! Verdra my tog maar,

² want ek is jaloers oor julle met God se jaloesie, want ek het julle afgegee om te trou met een Man; om julle as 'n rein maagd aan dié Gesalfde Een voor te stel,

³ maar ek is bang dat, net soos die slang vir Havah deur sy listigheid mislei het, julle denke net so korrup gemaak is, weg van die eenvoudigheid wat by dié Gesalfde Een is,

⁴ want as iemand kom en 'n ander Yeshua verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander goeie boodskap as wat julle ontvang het, kan julle maklik oortuig word.

Nog veel erger is die feit dat daar bedieninge in die Messiaanse Beweging is wat aan bogenoemde skuldig is, maar byvoorbeeld nie bereid is om openlik te verklaar dat hulle dele van die Skrifte van die Nuwe Verbond betwyfel nie of dat hulle siening van Yeshua as dié Gesalfde Een meer ooreenstem met dié van Rabbynse Judaïsme as met Yeshua van die Nuwe Verbond.

Verskeie bedieninge is so besig om hulle volgelinge (lesers) van die noodsaaklikheid van Torahgehoorsaamheid en Hebreeuse denke te vertel dat hulle opgehou het om die noodsaaklike fokus van Yeshua as dié Gesalfde Een in elkeen se lewe te beklemtoon! Op dié wyse word die belangrikste opdrag van Yeshua aan Sy volgelinge geminag, naamlik om die goeie boodskap van redding aan die ganse wêreld, en dit sluit Rabbynse Judaïsme in, te verkondig (Mark. 16:15). Ja, gaan leer met onderskeiding by Rabbynse Judaïsme, maar as jy nie bereid is openlik Yeshua as die gekruisigde en opegestane Gesalfde Een ook aan jou Rabbynse leermeester te verkondig nie, verontagsaam jy die opdrag van dié Een wat in jou plek die prys vir oortreding van יהיה se Torah betaal het!!

Maar in die verband is daar ook diegene in die Messiaanse Beweging, en in die Christendom, wat glo dat Torahgehoorsame Jode wel gered is. So is daar onlangs met die afsterwe van die bekende ortodokse Rabbi Johanthan Sacks, wat Yeshua as dié Gesalfde Een verwerp het, die volgende e-pos aan 'n groot groep in die Messiaanse Beweging gestuur:

*Dit is met groot hartseer dat ek met julle deel dat Rabbi Sacks gister oorlede is. Ek het so baie by hom geleer, maar is dankbaar dat hy sy taak hier op aarde suksesvol voltooi het en nou sy beloning ontvang. Ons sien saam met sy gesin uit na die opstanding wanneer geliefdes weer met mekaar herenig gaan word in die Messiaanse Koningryk!! Baruch Dayan Ha'Emet – Blessed is the Righteous Judge!
Groete, M.*

Diegene met hierdie siening lewer egter bewys dat hulle nie die Skrifte van die Nuwe Verbond glo nie, veral nie Yeshua se eie woorde in Joh. 14:6 toe Hy gesê het:

“Ek is onveranderlik dieselfde, die Pad, die Waarheid en die Lewe; niemand gaan na My Vader toe, behalwe deur My nie”.

Daarom het Yeshua dit noodsaaklik geag om vir Nakdimon (Nikodémus), ‘n Fariseër, te sê:

“Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir jou sê: as iemand nie van bo af gebore word nie, is dit onmoontlik vir hom om die Koninkryk van God te sien.” (Joh. 3:3).

Ja, die Torahgehoorsame ‘Jood’ moet ook, soos jy en ek, wedergebore word deur vertrou in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Gesalfde Een – die Lam van God tot vergifnis van die oortredinge van יהוה se Torah!

“Geloofsverklaring”

In die lig van die woelinge, verwarring en verdeeldheid in die Messiaanse Beweging, asook die misleiding wat daarmee gepaard gaan, wil ek dit daarom duidelik stel dat Nuwe Lied Bediening nie onder die vaandel van die Messiaanse Beweging (Messiaanse Ontwaking; “Hebrew Roots Movement”, ensovoorts) gaan nie. Daarom is ons ‘geloofsverklaring’ kortliks die volgende:

Ons beskou onself as volgelinge van Die Weg (Hand. 9:2; Hand.19:9 en 23; Hand. 24:14 en 22). Hierdie volgelinge van Yeshua is ook Natzereners genoem (Hand. 24:5). Ons strewe is om in die voetspore van die gemeente van Handelingte te stap deur vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een en in gehoorsaamheid aan Vader-God volgens Sy Torah soos in Yeshua vervolmaak is. Yeshua is ons Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek en ons as gelowiges in Yeshua dien as priesters in Sy Koninkryk (1Pet. 2:9). Ons glo dat die Skrifte van die Nuwe Verbond, net soos dié van die ou verbond, deur die Afgesonderde Gees geïnspireer is!

My Vraag!

Ek vra vandag aan elkeen die vraag wat ek myself dikwels vra, naamlik: Wat moet ons almal wat uit die misleiding van die Christendom kom se ‘missieverklaring’ wees? My antwoord behels die volgende: Ons moet studentevolgelinge (dissipels en priesters) van Yeshua ons Meester wees wat in die voetspore van die gemeente van Handelingte en die afgevaardigdes stap!

Maar die Messiaanse Beweging se visie (doelwit) het egter weg beweeg van dit wat die Skrifte van die Nuwe Verbond ons leer en van dit wat deur die gemeente van Handelingte begin was en deur die afgevaardigdes verkondig was! Die terugkeer na ons Hebreeuse wortels het die meerderheid so verblind dat hulle die verkondiging en uitleef van die goeie boodskap van Yeshua as die enigste versoening met יהוה as minder belangrik beskou. Die meerderheid het studentevolgelinge van Rabbynse Judaïsme en die Torah van Mosheh geword en sodoende hulle roeping as studentevolgelinge van Yeshua vergeet, of is dit eerder ‘n geval van verloën?!

Daarom vra ek ook of die Messiaanse Beweging se fokus nog op Yeshua is as God se verlossing? Aangaande sy video “Warning: The Hebrew Roots Movement Is on the Wrong Path!” sê Natan Lawrence die volgende:

This video is an urgent warning from an elder statesman in the Messianic/Hebrew Roots Movement and a wake-up call to all those – especially leaders – who have left the mainstream Christian church and have embraced a more Hebraic, Torah-pursuant spiritual walk. My message is simply this: If you don't get back to the basic apostolic, gospel-oriented message – that is, to your first love – of loving Yeshua the Messiah as your main focus, יהוה Elohim will pluck your candle out of his menorah (Rev. 2:4–5). The bottom line is this: No one can keep the Torah without doing so through a relationship with Yeshua the Messiah (1Cor. 9:21) and empowerment by the Spirit of Elohim. The Hebrew Roots Movement is largely off-track in this area, and as a result, is in danger of falling under Elohim's judgment. If this "shoe" fits YOU, then repent and get back to the apostolic message.

Waar is die balans tussen dit wat ons in die Christendom agtergelaat het en dit wat die huis van Y’hudah vaskleef. Hoekom is daar weinig bedieninge wat die “organisasie struktuur” van die gemeente, die liggaam van Yeshua, soos dit in die Nuwe Verbond vir ons gegee word, verkondig en implementeer? Hoe dikwels hoor jy en ek uit die geledere van die Messiaanse Beweging leringe oor die gawes van die Afgesonderde Gees en van die vyfvoud bediening van afgevaardigdes, profete, boodskappers van die goeie boodskap, herders en leermeesters?

Hoekom het die fokus van hierdie kernwaarhede van die Nuwe Verbond feitlik in die niet verdwyn? Ons moet dit wat ons tydens ons Christenjare geleer het nie totaal verwerp inruil vir Rabbynse Judaïsme nie! Nee, dit kan ons beslis nie bekostig nie, want dan het ons slegs die misleiding van die Christendom verruil vir die misleiding van Rabbynse Judaïsme.

Daarom glo ek dat die oproep in Open. 18:4-5 nie net op die Christendom van toepassing is nie, maar ook op diegene wat vasgevang is in die Messiaanse Beweging en Rabbynse Judaïsme, naamlik: *Gaan uit haar uit, My volk.....!!*

⁴ Ek het ’n ander stem uit die hemel hoor sê: “Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie,
⁵ want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep.

En dan ook die volgende vraag: Wanneer laas het jy met erns die Skrifte van die Nuwe Verbond, veral die briewe van die afgevaardigdes, bestudeer? En in die lig hiervan kan ons ook vra: Wie in die hedendaagse Messiaanse Beweging het ’n soortgelyke getuigenis as die van Kefa of Stefanos of Sha’ul of Yoganan? Ek weet nie van een nie!! Daarom sê ek dikwels vir myself: Ons, insluitend myself, misluk om ware volgelingen van Yeshua te wees, want ons is nog nie op die punt wat ondermeer in Hand. 2:42-45 beskryf word nie:

⁴² Hulle het aangehou in die leer van die afgevaardigdes en is deelgenote gemaak in gebed en in die breking van die brood, as Liggaam.
⁴³ Vrees en respek het op elkeen gekom en baie tekens en wonderwerke het deur die hand van die afgevaardigdes gebeur in Yerushalayim.
⁴⁴ Almal wat vertrou het, was soos een en het alles gemeenskaplik besit
⁴⁵ en die wat besittings gehad het, het dit verkoop en onder almal verdeel, volgens wat nodig was.

Leonard Ravenhill het die lewe van Stefanos soos volg beskryf:

Everyone recognizes that Stephen was Spirit-filled when he was performing wonders. Yet, he was just as Spirit-filled when he was being stoned to death.

Stefanos het יהוה en Yeshua meer lief gehad as Sy eie lewe! Kan jy en ek dieselfde sê? Of het liefde vir die Torah die plek van Yeshua ingeneem? Het intellektuele kennis van Torah ons god geword? Ons kan onself slegs as ware en suksesvolle Geesge vulde volgelinge van Yeshua beskou wanneer ons 'n getuie nis soortgelyk soos Kefa het toe die kreupelgebore man genees was:

³ Toe hy sien dat Shim'on en Yoganan op die punt was om die tempel in te gaan, het hy vir 'n daad van omgee gebedel

⁴ en Shim'on en Yoganan het hom stip aangekyk vir hom gesê: “Kyk na ons.”

⁵ Hy het sy oë op hulle gehou in die verwagting dat hy iets van hulle sou kry.

⁶ Shim'on sê vir hom: “Silwer en goud het ek nie, maar wat ek het, dit gee ek vir jou: in die Karakter en Outoriteit van Yeshua, dié Gesalfde Een, van Natzeret, staan op en loop!”

⁷ Hy het sy regterhand gevat en hom opgetrek en onmiddellik is sy bene en voete genees.

⁸ Hy het opgespring, gestaan, rondgeloopt en saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy rondloop, spring en God prys..

Om in die voetspore van die gemeente van Handelingte te stap vereis van ons elkeen ernstige selfondersoek, want ons het nog baie om te leer!

Geliefdes, Rabbynse Judaïsme gaan nie van ons sulke volgelinge van Yeshua maak nie! Die Torah van Moseh gaan nie van ons volgelinge van Yeshua maak waar vrees en respek oor elkeen kom met wie ons in aanraking kom en waar tekens en wonders deur ons gaan plaasvind nie! Nee, hierdie is slegs moontlik vir deelgenote van die Nuwe Verbond waar elkeen die Torah soos in Yeshua vervolmaak is met die hulp van die kragtige werking van die Afgesonderde Gees volg en toepas!

Maar die meerderheid in die Messiaanse Beweging is blind vir die verandering in Torah van die Nuwe Verbond. Dit het 'n struikelblok geword om ten volle die erfenis van die Nuwe Verbond in Yeshua te ontvang!

In die lig daarvan dat die Skrifte verklaar dat יהוה gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is, naamlik onveranderbaar, is die vraag geregtig: Is dit moontlik dat יהוה se Torah dan kan verander?

Die antwoord is dat die beginsel en die wese van die Torah nie kan verander nie en moet gehoorsaam word! Alles vir altyd! Maar verandering in die omgewing en omstandighede, en wat gekoppel word aan die bepaalde verbond wat ter sprake is, bring egter 'n aanpassing in die praktyk en die toepassing van יהוה se Torah.

Byvoorbeeld: Voor Yeshua was dit gerig rondom die tempel en die fisiese toepassing van Torah, maar tog heenwysend na 'n groter waarheid. Dit beteken dat onder die Ou Verbond is יהוה se Torah toekomsgerig, veral die Torah van Mosheh. Na Yeshua se koms – na Sy folterdood en opstanding – het die klem egter verskuif na die geestelike verstaan, die volheid (vervulling) in Hom en die doen in hierdie geestelike begrip daarvan. Nou is ons liggaam die

tempel en sommige instruksies van Torah word in ons deur vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een volvoer en voltooi. Dit beteken dat deur vertroue in die voltooide werk van Yeshua is dit so goed asof ek dit prakties doen.

¹⁹Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Gees van Afsondering is, wat in julle bly, wat julle van God gekry het, nie? Julle behoort nie aan julleself nie,
²⁰want julle is gekoop vir 'n prys. Bring daarom eer, lof en aanbidding aan God in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort. 1Kor. 6:19-20.

Net soos Yeshua die offers is wat in my deur vertroue gestalte kry, net so is ander dele van Torah deur my vertroue in Yeshua as dié Gesalfde Een volbring (vervul, naamlik tot sy volheid gebring).

Die Skrifte van die Nuwe Verbond leer ons watter deel van יהוה se Torah is steeds letterlik van toepassing, naamlik die fisiese doen daarvan en watter word geestelik toegepas en ten opsigte van watter is daar 'n verandering. Hier volg enkele voorbeelde:

'n Voorbeeld van יהוה se Torah wat onder die ou verbond van krag was en steeds onder die Nuwe Verbond letterlik gehoorsaam moet word is die voedselvoorskrifte. Dit het nie verander nie soos wat ondermeer in Hand. 10:10-14 bevestig word toe Kefa gesê het: "Nooit nie, my Meester, want ek het nog nooit iets vuils of onreins geëet nie." Hierdie geesvervoering wat Kefa ondervind het, het sowat 8 jaar na hemelvaart plaasgevind! Kefa het dus steeds God se voedselvoorskrifte onderhou hoewel hy agterna beseft het dat יהוה die voedselvoorskrifte gebruik het om hom tot die beseft te bring dat geen mens onrein is nie (Hand. 10:28)!

Een voorbeeld van 'n groep van opdragte wat in die Nuwe Verbond verander het, is ten opsigte van die priesterorde en die gepaardgaande offerandes.

Eerstens, ten opsigte van יהוה se priesterorde, moet ons die volgende verstaan, naamlik dat daar 'n priesterorde bestaan het lank voor die Levitiese priesterorde ingestel was. Hierdie was die Malki-Tzedek priesterorde. Malki-Tzedek was koning van Shalem (later bekend as Yerushalayim) en priester van die Allerhoogste soos die volgende teksverse bevestig:

Malki-Tzedek, die koning van Shalem, nie-Levitiese priester van El-`Elyon (Die Allerhoogste, Magtige God), het brood en wyn uitgebring. Gen. 14:18.

Hierdie Malki-Tzedek was koning van Shalem, nie-Levitiese priester van God Ha'Elyon (die Allerhoogste), wat vir Avraham ontmoet het by sy terugkoms na die slagting van die konings en hom geseën het. Heb. 7:1.

Die nie-Levitiese Malki-Tzedek priesterorde het dus lank voor die instelling van die Levitiese priesterorde bestaan.

²⁰Hy het dit aan ons bevestig deur 'n eed,
²¹want hulle was priesters sonder 'n eed, maar Hy met 'n eed, soos wat Hy, deur Dawid, van Hom gesê het: "יהוה het 'n eed gesweer en Hy sal nie lieg nie: U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,"
²²waarvolgens Yeshua van 'n baie beter verbond die waarborg is. Heb. 7:20-22.

Gerrie Coetzee in sy lering: "Verandering in die Praktiese Wet", wys op 'n interessante ontdekking uit die Aramees.

Vier-en-twintig keer in die brief aan die Hebreërs en in die Tanakh word 'n ander woord vir priester gebruik. Dit word slegs by Yitro, Mosheh se skoonpa en Medianitiese priester van die ware God, en by Malki-Tzedek priester van die Allerhoogste gebruik en slegs vir Yeshua in die Nuwe Verbond. Almal nie-Levitiese priesters.

Die Levitiese priesters word *kohen* genoem, maar Yeshua word *kumrea* genoem. Volgens Ps. 110:4 is Yeshua priester net soos Malki-Tzedek!

יהוה het gesweer en sal nie lieg nie: “U is 'n nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die voorbeeld van Malki-Tzedek.”

In Aramees word Yeshua korrek as priester, wat nie vanuit Levi is nie, aangedui en dus reeds voor die Levitiese priesterorde gedien het.

Daarom lees ons in Hebr. 3:1-6 die volgende:

¹My afgesonderde broers, wat deel in die hemelse roeping, dink daarom versigtig aan Yeshua, dié Gesalfde Een, wat ons openlik erken as God se Afgevaardigde en nie-Levitiese Hoofpriester.

²Hy is vertrouenswaardig teenoor God wat Hom aangestel het, net soos Mosheh in God se hele huishouding getrou was,

³want hierdie Een se lof en eer is baie meer as die van Mosheh, soveel as wat hy wat die huis gebou het, baie meer eer het as die huis,

⁴want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat voortdurend alles bou, is God.

⁵Mosheh was as 'n dienskneg toevertrou met die hele huis, tot getuienis van wat nog deur Hom gesê sou word,

⁶maar dié Gesalfde Een as Seun oor Sy huis. Ons is Sy huis as ons die vrymoedigheid en die trots van Sy goeie boodskap tot die einde toe vashou.

Nou is Yeshua ons Hoofpriester. Hy kan offer en die verlossing bring. Hy het aan elke vereiste voldoen!

Net die hoofpriester mag die offer as volledig en afgehandeld verklaar het. Yeshua was Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek wat Homself, as die goedgekeurde offer, kon bring en verklaar dat dit volbring is (Joh. 19:13).

So kon die sondofferwet in Yeshua volheid bereik deur Sy eenmalige offer en is dit nie meer fisies nodig nie. Die wet van priester word deur vertroue in Yeshua saam met die voorskrifte van die offerandes steeds gedoen, maar in Yeshua.

Daarom bevestig die skrywer van die brief aan die Hebreërs dat daar 'n verandering in die die wetboek plaasgevind het:

¹²Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die reëls,

¹³want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan 'n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie,

¹⁴want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y'udah opgegroeï het; 'n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie. Heb. 7:12-14.

Yeshua is ons Hoof *Kumrea* volgens die orde van Malki-Tzedek en daarom is ons elkeen wat vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een 'n *kumrea* van die Malki-Tzedekorde wat volgens

hierdie orde se Torah moet leef. Ons is nie-Levitiese priesters in יהוה se Hemelse Koninkryk! Dit word ook bevestig deur Johannes in die Openbaring van Yeshua toe hy geskryf het:

en ons 'n koninkryk van priesters gemaak het vir God, Sy Vader; aan Hom die eer, lof, aanbidding en die heerskappy vir tydlose ewigheid! Dit is waar. Open. 1:6.

In die videolering van Gerrie Coetsee oor die wet (Deel 6) – “Veranderinge in die wet”, word bogenoemde bespreek, asook ander veranderinge soos die besnydenis:

<https://www.youtube.com/watch?list=UUzDiq9wUzzKe-48TkVP6OpQ&v=dDwBELhpmIw>

Die slotsom is dat daar 'n Malki-Tzedek priesterorde van die begin af was! Die Levitiese priesterorde wat ingestel was na die aanbidding van die goue kalf was daarom 'n 'tussentydse' maatreël tot Yeshua se koms. Nou is die Malki-Tzedek priesterorde heringestel. Die Levitiese priesterorde se taak is afgehandel!

Wat ook interessant is, is die woord “verandering” in Heb. 7:12 – Net soos daar 'n **verandering** (Grieks: *metatithēmi* (G3346) – *to transpose; two things, one of which is put in place of the other*) in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n **verandering** (Grieks: *metathesis* (G3331) – *transferral to heaven*) in die reëls. Die Torah soos in Yeshua vervolmaak is, naamlik die Torah van Malki-Tzedek van die Nuwe Verbond is dus op ons as studentevolgelinge van Yeshua van toepassing! Die reëls (die Torah) van die aardse koninkryk is oorgedra na die Hemelse Koninkryk tot Yeshua se wederkoms wanneer Hy Sy Koninkryk hier vir ewig sal vestig!

Volgens die Skrifte van die Nuwe Verbond is dit duidelik dat Yeshua self ‘veranderinge’ aan die Torah van Mosheh gemaak het, soos byvoorbeeld ten opsigte van wat as egbreek beskou word, naamlik dit is nou nie net die fisiese daad nie, maar egbreek is ook as jy net na 'n vrou kyk en haar begeer (Matt. 5:28)! So het Yeshua ook 'n ‘uitgebreide’ definisie van naasteliefde vir ons gegee (Matt. 5:43-47). Onthou dat יהוה is die alleen Wetgewer en Hy kan veranderinge aan Sy Torah en volgens Sy Raadsplan aanbring!

God se Torah

Ons leef in die dispensasie waar daar net een Torah vir almal is, naamlik die Torah van יהוה soos dit in Yeshua vervul is (Matt. 5:17). Daar is egter nie weggedoen met die Torah van Mosheh nie, hoewel Sha'ul in 2Kor. 3:5-18 verduidelik dat die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die Torah van Mosheh nou oortref word deur die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van die Torah van Yeshua. (Verwys [GB2.Feb13MosesSluier](#)). Die Torah van Mosheh is steeds die basis waar sekere kernwaarhede aan ons verduidelik word, maar die fokus het verskuif na die praktiese en geestelike toepassing daarvan soos dit in Yeshua vervolmaak is. Die Afgesonderde Gees leer ons wat ons steeds fisies moet doen en watter van die fisiese doen van die Ou Verbond uitgedien is en deur vertrouwe in Yeshua as die vervulling daarvan gesien en geestelik toegepas moet word!

Ons is dienaars in 'n Hemelse Koninkryk wat uiteindelik deur Yeshua self fisies gevestig, voltooi en regeer sal word! Rabbynse Judaïsme het weinig begrip hiervan en daarom is hulle fokus steeds op 'n fisiese beloofde land en Koninkryk, 'n fisiese Yisra'el, 'n fisiese Torah van Mosheh, 'n fisiese tempel', 'n fisiese verlossing van hulle vyande en 'n fisiese uittoeg na die hedendaagse land van Yisra'el. Dit is nie wat die Nuwe Verbond in Yeshua ons leer nie! Ons stryd en oorwinning is eerstens in die geestelike realm wat ons dan in die fisiese realm toepas en uitleef.

Sha'ul skryf in sy brief aan die Korinthiërs dat ons die gedagtes van dié Gesalfde Een het en daarom kan ons die geestelike dinge met die geestelike vergelyk en ook dat die natuurlike mens nie die dinge van God aanneem nie, want dit is vir hom dwaasheid, want hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word (1Kor. 2:14-16). Onthou: Rabbyne Judaïsme het nie die gedagtes van Yeshua, dié Gesalfde Een, nie, en daarom verstaan hulle nie die geestelike realm van die Koninkryk van die Hemele nie!! Hulle fokus is steeds op die fisiese!!

Dit is ook baie belangrik om te weet, en te onthou, dat elkeen ('Jood' en vreemdeling / nie-Jood) wat bely dat Yeshua die gekruisigde en opgestane Gesalfde van God is, is Yisra'el – יהוה se volk en geestelike Yisra'el. Uiteraard is hierdie nie deel van die leerstelling van Rabbyne Judaïsme nie en daarom stel hulle slegs belang in die eenwording van die twee huise onder Rabbyne gesag sonder Yeshua. Daarom is hulle fokus op dit wat hulle beskou as die fisiese Yisra'el.

Ons leef in die laaste dae en ons word gewaarsku dat ons nie mislei moet word nie. Ons moet nie toelaat dat 'n mens ons volgens sy eie kennis leer nie, maar ons moet vra dat die Afgesonderde Gees ons moet leer en lei om יהוה in Gees en waarheid te dien volgens die Torah soos dit in Yeshua vervul is en vir ons in die Skrifte van Nuwe Verbond uiteengesit word.

Ons moet strewende om in die voetspore van die gemeente van Handelingte en die afgevaardigdes te stap as 'n koninklike priesterdom onder die Karakter en Outoriteit van ons Malki-Tzedek Hoofpriester. Yeshua, die Lewende Torah van die Nuwe Verbond, is die hart van die Vader! Glo jy dit en is jy bereid om hierdie pad te stap?

En indien jy die hart van יהוה en Yeshua het, sal jy ook soos Sha'ul ten opsigte van sy volksgenote, naamlik die huis van Y'hudah, sê:

- 1 My broers, die begeerte van my verstand, wil en emosie en my intrede voor God vir hulle, is vir hulle onthalwe dat hulle gered mag word,
- 2 want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God in hulle het, maar nie in kennis nie
- 3 omdat hulle die onpartydige opregtheid van God nie ken nie, maar hulle eie onpartydige opregtheid probeer oprig; daarom het hulle die onpartydige opregtheid van God nie gehoorsaam nie,
- 4 want die einddoel van die geskrewe wet is dié Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou, Rom. 10:1-4.

Indien hierdie werklik jou hartsbegeerte is, sal jy die Jode en die Rabbyne Rabbies van Yeshua vertel – die enigste weg tot versoening met יהוה-God.

Mag ons elkeen se strewende wees om in die voetspore van die gemeente van Handelingte te stap as ware studentevolgelinge van ons Meester Yeshua!!

Die volgende artikels word ook aanbeveel:

- Hebreeuse Wortels of Hebreeuse Worstelinge? [HebreeuseWortelsWorsteling](#)
- Wie is jou Rabbi? [Okt15Leermeester](#)
- Rabbyne Judaïsme – Het jy geweet? [RabbyneJudaïsmeReeks](#)

-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהיה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

E-pos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.